

# Die Olyf

---

Reeds in die pre-historiese tyd het mense gereis na plekke met koue- of warmwaterbronne met die hoop op genesing. In die veertiende eeu is 'n helende waterbron ontdek naby die dorp Spa in België. Medisinale baddens is in Bath, Engeland, gebou nadat daar 'n waterbron met ysterryke sout ontdek is. So het die kultuur van 'n besoek aan 'n spa deur die eeue ontwikkel – ten goede en ten kwade – tot dit wat ons vandag ken as 'n afgesonderde plek, soms 'n argitektoniese wonder van marmer en glas, soms 'n plaserige konkoksie geïnspireer deur my dronk oom se twee windhonde, Lapa en Boma, 'n plek waar meisies, geklee soos lugwaar dinne of verpleegsters, jou by 'n japon indwing en voer met skyfies kiwi nadat jy 'n geskenkbewys by jou werkplek ontvang het.

Wanneer daar, ná 'n spesifieke projek of transaksie, 'n koepon vir twee dae by 'n spa op jou lessenaar beland, weet dit, hulle haat jou. Jy is op pad na 'n vogtige hel waar jy gemartel gaan word met die vyf grilligerste goed op aarde: handpalms, masseer-olie, stoom, ander mense se handdoeke en panfluitmusiek. En dit alles by kerslig.

Ek het nog nooit uit eie keuse by 'n spa opgedaag nie, maar soms borg hulle die verblyf vir 'n liefdadigheidskonsert of bied self 'n geleentheid aan en moet jy die klamte trotseer vir 'n goeie doel. So word ek gevra of ek sal optree as gasspreker by 'n damesoggend by Die Olyf, 'n spa tien kilometer buite Potchefstroom. 'n Damesoggend is die Russiese roelet van die sosiale kalender, 'n dobbelspel met 'n baie hoë sneuwelsyfer. Dit kan 'n opbouende, smaakvolle geleentheid sonder skaamkry wees of die meer gereelde slagat waar honderde dames, reeds onvas onder belaglike hoede, binne minute die slagoffers word van 'n dodelike kombinasie van vonkelwyn en vingerhappies. Geen vrou op aarde kan haarself red ná die chemiese reaksie tussen borrels en bakpoeier nie.

Maar ten spyte van jare se ondervinding en persoonlike instink, is daar ook menslike swakheid en bly jy aan elke nuwe organiseerder die voordeel van die twyfel gee. Dus bevind ek my op 'n Vrydag, skemeraand, op 'n verlate pad buite Potchefstroom. Daar is geen verkeer nie, gras groei deur die teer en op 'n stadion sweef die deurskynende inwoners van 'n konsentrasiekamp verby my kar en kyk na my sonder oë, maar ek hou aan, hulle het gesê dis tien kilometer.

Uiteindelik verskyn die bordjie wat sê, Die Olyf. Ek draai af en beland voor 'n hek. Die plek is erger as my oom se honde, dis 'n margarienkleurige monster met grofgepleisterde mure en 'n gesweide kitaar teen die hek.

Ek druk 'n knop.

Ja, sê 'n stem.

Ek sê, Ek moet hier slaap vannag, dis vir môre se toespraak.

Twintig minute later verskyn 'n man met 'n bos sleutels. Ek kyk of hy oë het. Hy stoot die hek oop.

Etnie is binne, sê hy.

Ek ry tot voor die plek. My hart lê in my skoene. Dis een van daai plekke wat jou nie kan verras nie, alles wat jy vrees, is waar. Daar is geen Ontvangs nie, net 'n voordeur. Dis net 'n huis, die eetkamer het oorspoel, nou's dit iemand se spa. Ek klim uit en bid daar is nie matte nie, 'n vogtige huis met matte sal my doodmaak.

Die voordeur gaan oop. Voor my staan 'n meisie. Sy is te groot vir alles wat sy aanhet. Ek kyk af.

Hier is matte, sê ek.

My naam is Etnie, sê sy, My ma is die eienaar, sy dek tafels in die tent. Jou kamer is gang-af.

Ons stap verby die eetkamer. Dis vol water.

Dis die warm bad, sê die groot meisie, Daar's 'n koue een ook. Daar's vonkelwyn in jou kamer. En 'n kiwi-en-kaasbord. My ma kom netnou. Ons tema is Spaans, my ma vra of jy dit kan inwerk in jou toespraak.

Toe's sy weg. Ek stoot die deur oop en beland in my eerste spa-kamer met 'n enkelbed, 'n kot, diefwering, 'n bak cheddar en genoeg vog om sampioene te kweek.

Ek draai om.

Hallo? skree ek in die gang af.

Jy moenie nou raas nie, jy moet my help, sê 'n stem.

'n Lang vrou met 'n dooie gesig verskyn in die gang.

Ek is Guacalene, sê sy, Dis my plek, jy moet my help voor Etnie terugkom.

Sy stoot my by die kamer in.

Die koning van Spanje is hier, sê sy, Hy is in die Kastanjet-suite.

Ek sê, Het hy ook 'n kot?

Ek het nog nie alles verander nie, sê Guacalene, Dit was 'n huis vir ongehude moeders, maar ek wil 'n bietjie klas na hierdie omgewing bring. Dis hoekom ons môre die damesoggend het. Nou't ek gedink, as die koning van Spanje net 'n verskyning kan maak, hy hoef nie eens iets te sê nie, dit sal mos baie goed wees vir die plek, die mense sal dit nooit vergeet nie. Maar Etnie sê hy weier, hy wil nie eens uit sy kamer kom nie, ek het hom nog nie eens gesien nie, Etnie het hom ingecheck.

Ek sê, Die heeltyd wat jy gepraat het, het jou gesig nie een keer beweeg nie. Daar het sulke mense verby my kar gevlieg.

Ek wou die serum probeer, sê sy, Ons het nog nie personeel nie. Maar dis toe die goed wat die vog uit die mure moet haal. Ek is baie droog.

Ek sê, Ek gaan ry. Jy kan nie 'n spa oopmaak en nie labels lees nie. Toe my nefie klein was, ry hulle van Joubertina af Kaap toe, toe sê hy agter in die kar hy is honger, toe sê sy ma daar is sweeties in haar handsak. Toe lees hy niks en eet ses valiums, toe slaap hy tot in die Kaap met sy kop teen die venster en soos hy afgly, word sy wang warm en rek dertig sentimeter bo sy kop uit en droog uit en bak kliphard. Dit staan nou nog regop, hulle noem hom Langwang, hy werk nou by 'n melkery as 'n vlieëplak.

Ek het gedog jy kan met die koning praat, sê Guacalene, Jy ken mos etiket en goed. Dit sal alles red. As hy net kan verskyn.

Ek sê, Hoe is dit moontlik? Die koning van Spanje gaan mos nie stil-stil sonder die nodige protokol in 'n land inkom en dan met 'n spookpad ry om op 'n klam sampioenplaas in sy kamer weg te kruip nie?

Hy wil seker net bietjie wegkom, sê sy, Kom, hy is net hier af. Voor Etnie terugkom, sy maak my dood. Vra hom net. My hele lewe gaan oor Spanje. Ek is tot vernoem na die dorpie waar ek verwek is. My ouers het oor die grens geglip nadat hulle besef het hulle is verlief.

Sy klop saggies aan 'n deur. Twee kastanjette hang aan 'n spyker.

Hhmm, sê 'n stem.

Ek loer in. 'n Kort blas mannetjie lê op die bed, mooi oë, sterk neus. Sy arms is met kouse aan die kopstuk vasgebind en daar is 'n sokkie in sy mond.

Ek sê, *Complacer a conocerte*. (Dit beteken, Aangename kennis.)

Die mannetjie skud sy kop.

Ek sê toe my enigste ander Spaanse sin, *Puedo moverlo también*. (Dit beteken, Ek kan dit wikkel ook.)

Huhhuh! sê die man.

Ek stap nader en trek die sokkie uit.

Ek sê, *Does Your Highness like bondage?*

Maak my los! sê die man, *Waar's daai groot girl, sy's heeltemal mal!*

Ek sê, *Wie is jy?*

My naam is Philip, sê die man, Ek het die kafee net voor jy Potch uitry Klerksdorp se kant toe, dis payday vandag, dis die laaste

stop vir die taxi's, as ek nie vanaand en môre oopmaak nie, vou ek, ek het bietjie lollery gehad.

Ek sê, Wat maak jy hier?

Hy sê, Die grote het my ingewag, toe druk sy 'n ding in my rug en sê ek moet saamry. Sy wil hê ek moet môre daai pak wat hier oor die kot lê, aantrek en maak of ek Spaans is. Toe sê ek nee, ek moet my plek oopmaak, toe bind sy my vas. Sy's moer sterk. Kry my net los.

Ek maak sy een arm los en buk net oor vir die ander arm, toe storm Etnie by die kamer in.

Het my ma jou hier ingebring? skree sy.

Toe storm Guacalene by die kamer in en skree, Ek het nie, Etnie!

Gaan uit! skree Etnie.

Guacalene verdwyn. Etnie kom staan reg voor my. Sy is rêrig baie groot.

Ek probeer net ons plek red, sê sy, Niemand kom hierheen nie, as die koning van Spanje sê dis lekker, sal hulle kom. Ek moet iets reg doen, ek stel my ma al van geboorte af teleur, ek is te groot vir my klere, ek hou nie van mans nie, ek kan nie regkom met roompies en sepies nie, my ma het alles ingesit om haar droom te laat werk. Jy weet sy is van Spanje.

Ek sê, Jou ma is vervaardig deur twee tieners wat oor die grens geglip het, sy is dus van Mosambiek. En sy is vernoem na 'n Meksikaanse dip. Sy dróóm van Spanje. Soos hierdie man droom daarvan om sy kafee te red. Soos jy droom van iets anders.

Hoe moet ek die plek red? skree Etnie.

Ek sê, Haal die matte uit. Dan die kotte en dan die kaas. Verf die plek wit. Haal die kitaar af. Gaan trek die gras uit die spookpad. Koop groter klere en kry vir jou 'n girlfriend, 'n fyn dingetjie wat jou ma kan help met roompies en labels lees. Vergeet van Spanje en doen wat in jou hart is. Ek sal môre my toespraak lewer, maar nou vat ek vir Philip dorp toe en dan slaap ek daar.

Die volgende dag was dit soos wat ek verwag het, hoedens, vonkelwyn en bakpoeier, maar ek het mooi gepraat en vertel van die nuwe wit mure wat op pad is en die komplimentêre kiwi by elke facial.

Toe het Etnie op die verhoog geklim – groot broek en groot skoene en 'n kitaar – en gedoen wat sy wou, sy't gesing. Dit was verskriklik. Dis daai sang wat jou liggaam laat reageer voor jy kan, daai sang wat jou lyf heeltemal die hoendervleis laat oorslaan en soek vir geelsug of pokke.

Toe ek sien sy mik vir 'n tweede liedjie, toe't ek gery. Ek wou eers by die kafee omry en die koning gaan groet, en dit vat altyd so lank, eers die protokol en dan die vasbind.